

## Paulus kom tot bekering



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 26:9–11, Deuteronómium 21:23, Handelinge 9:1–20, I Korinthiërs 9:1, Galásiërs 1:1, Handelinge 9:20–30.

#### Geheeteks:

“ ‘Gaan, want hy is vir My ‘n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel’ ” (Handelinge 9:15).

**D**ie bekering van Saulus van Tarsus (wat Paulus geword het), was een van die merkwaardigste gebeurtenisse in die geskiedenis van die apostoliese kerk. Die belangrikheid van Paulus se bekering is egter meer belangrik as sy bekering self, want hy is sekerlik nie die enigste vyand van die kerk wat ‘n opregte Christen geword het nie. Dit het eintlik gegaan oor wat hy uiteindelik vir die evangelie gedoen het. Paulus was ‘n geharde teenstander van die vroeë gelowiges, en die skade wat hy aan die jong kerk kon doen, sou geweldig groot gewees het. Hy was baie vasberade en het ook amptelike ondersteuning gehad om die kerk te vernietig. Maar, hy het gelowig gereageer toe God hom op die pad na Damaskus geroep het, en het daarna die grootste van al die apostels geword. “Uit die mees verbitterde en onverbiddelike vervolgers van die kerk van Christus het die bekwaamste verdediger en die mees suksesvolle voorloper van die evangelie ontstaan.” — Ellen G. White, *Sketches from the Life of Paul*, bl. 9, (vrye vertaling). As gevolg van sy vorige optrede toe hy die vroeë kerk vervolg het, sou Paulus altyd ‘n diepe gewaarwording van sy eie onwaardigheid ondervind het, alhoewel hy met nog ‘n dieper besef van dankbaarheid daaraan sou dink dat God se genade teenoor hom nie verniet was nie. Paulus se bekering het die Christendom vir ewig verander.

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 4 Augustus.

## Vervolger van die kerk

Paulus was 'n Hellenistiese Jood. Sy geboorteplek was Tarsus, die hoofstad van Cilicië (Handelinge 21:39). Maar, in 'n sekere mate het hy van die Hellenistiese stereotipe afgewyk, want hy was na Jerusalem gestuur om onder Gamáliël, die invloedrykste Fariseïese onderwyser op daardie tydstip (Handelinge 22:3), te gaan studeer. Paulus was 'n streng ortodokse Fariseër, alhoewel sy ywer meer na fanatisme geneig het (Galásiërs 1:14). Dit is hoekom hy Stéfanus laat doodmaak het en die sleutelfiguur in die daaropvolgende vervolging geword het.

### Lees Handelinge 26:9–11. Hoe het Paulus sy optrede teen die kerk beskryf?

---

Paulus sê op 'n ander plek dat die evangelie 'n struikelblok vir die Jode was (1 Korintiërs 1:23). Afgesien daarvan dat Jesus nie die tradisionele Joodse verwagting van 'n koninklike Messias vervul het nie, kon hulle geensins die idee aanvaar dat die Een wat op die kruis gesterf het, God se Messias kon wees nie, want die Skrif sê dat enigeen wat opgehang sou word deur God, vervloek sou wees (Deuteronómium 21:23). Daarom, vir die Jode was die kruisiging 'n buitensporige teenstelling, die duidelikste bewys dat die kerk se aannames oor Jesus vals was. Handelinge 9:1, 2 beskryf hoe Saulus van Tarsus die gelowiges vervolg het. Damaskus was 'n belangrike stad wat ongeveer eenhonderd vyf-en-dertig myl noord van Jerusalem geleë was, en wat 'n groot Joodse bevolking gehad het. Die Jode wat buite Judéa gewoon het, was deel van 'n netwerk wat hulle hoofsetel in Jerusalem (die Sanhedrin) gehad het, met die sinagoges wat as ondersteuningsentrums vir die plaaslike gemeenskappe gedien het. Daar was konstante kommunikasie tussen die Sanhedrin en so 'n gemeenskap deur middel van briewe wat gewoonlik deur 'n shaliah, “een wat gestuur is” (vanaf die Hebreeus, shalah, “om te stuur”), afgelewer was. 'n Shaliah was 'n amptelike agent wat deur die Sanhedrin aangestel was om verskeie godsdienstige funksies uit te voer. Toe Paulus die hoëpriester vir briewe gevra het wat aan die sinagoges in Damaskus geadresseer moes wees, het hy 'n shaliah geword wat gesag ontvang het om enige volgeling van Jesus te arresteer en na Jerusalem te bring (vergelyk Handelinge 26:12). In Grieks is die ekwivalent van shaliah, apostolos, waarvan die woord apostel afgelei is. Dus, voordat hy 'n apostel van Jesus Christus geword het, was Paulus 'n apostel van die Sanhedrin.

**Wanneer was jy ywerig vir (of teen) iets waaroor jy later jou gedagtegang verander het? Watter lesse behoort jy uit daardie ondervinding te geleer het?**

## Op pad na Damaskus

Lees Handeling 9:3–9. Wat het gebeur toe Paulus op pad was na Damaskus? Wat is die betekenis van Jesus se woorde in Handeling 9:5 (sien ook Handeling 26:14)?

---

---

Toe Paulus en sy reisgenote naby Damaskus kom, het die onverwagte gebeur: dit was ongeveer twaalfuur toe daar skielik 'n lig van die hemel af hulle omstraal het en Paulus 'n stem hoor praat het. Dit was nie net 'n visioen soos in 'n profetiese sin nie, maar 'n goddelike openbaring wat uitsluitlik vir Paulus bedoel was. Sy reisgenote het die lig gesien; maar net Paulus het blind geword; hulle het die stem gehoor; maar net Paulus het verstaan wat daar gesê was. Die lig was die Goddelike heerlikheid van die verrese Jesus wat persoonlik aan Paulus verskyn het op daardie oomblik (Handeling 22:14). Paulus het later daarop aangedring dat hy Jesus gesien het, wat hom gelykgestel het met die twaalf as 'n getuie van Sy opstanding, en ook wat sy apostoliese gesag betref het (I Korinthiërs 9:1, 15:8). Die daaropvolgende tweegesprek met Jesus het Paulus oneindig meer verbyster as die lig wat hy gesien het. Hy was ten volle oortuig dat, deur die volgelinge van Jesus van Násaret te vervolg, hy besig was om God se werk te doen om Judaïsme te reinig van gevaarlike en verskriklike kettery. Tot sy onsteltenis het hy egter uitgevind dat Jesus nie net lewend was nie, maar ook dat hy, deur Jesus se volgelinge te martel, besig was om Jesus self te vervolg.

Toe Hy met Saulus gepraat het, het Jesus 'n spreekwoordelike gesegde, vermoedelik van Griekse oorsprong, gebruik waarmee Paulus sekerlik bekend was: “ ‘Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop’ ” (Handeling 26:14). Dit beeld 'n os uit wat probeer om teen die skerp stok wat veronderstel is om aan die dier rigting te gee en te lei, te beur. In die proses maak die dier homself net meer seer. Hierdie gesegde dui dalk aan dat Paulus in sy gedagtes 'n stryd gehad het — die Bybel verwys hierna as die werk van die Gees (Johannes 16:8–11) — nadat Stéfanus gestenig was. “Saulus het 'n belangrike rol gespeel in die verhoor en skuldigbevinding van Stéfanus, en die opmerklike blyke van God se teenwoordigheid by die martelaar het Saulus laat twyfel aan die regverdigheid van sy optrede teen die volgelinge van Jesus. Sy gees was diep ontroer. In sy verwarring het hy hom tot diegene gewend in wie se wysheid en oordeel hy die volste vertrou gehad het. Die argument van die priesters en die owerstes het hom uiteindelik daarvan oortuig dat Stéfanus 'n godslasteraar was, dat die Christus wat deur die gemartelde dissipel verkondig was, 'n indringer was en dat diegene wat die heilige amp bekleed reg moet wees.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 91.

**Hoekom is dit wys om na jou gewete te luister?**

## Ananías se besoek

Toe hy beseft het hy praat met Jesus self, het Saulus die vraag gevra wat Jesus die geleentheid sou gee waarvoor Hy gewag het: “ ‘Wat moet ek doen, Here?’ ” (Handelinge 22:10). Hierdie vraag dui sy berou aan oor wat hy tot en met daardie oomblik gedoen het, maar wat meer belangrik is, dit dui ‘n onvoorwaardelike gewilligheid aan om Jesus toe te laat om sy lewe vanaf daardie oomblik te beheer. Nadat hy na Damaskus geneem was, moes Saulus op verdere instruksies wag. In Handelinge 9:10–19 openbaar die Bybel hoe die Here gewerk het om Saulus van Tarsus vir sy nuwe lewe as die Apostel Paulus voor te berei. Jesus het aan Ananías in ‘n visioen opdrag gegee om Paulus die hande op te lê om sy sig te herstel. Ananías het egter reeds geweet wie Saulus was, asook hoeveel van die broeders gelyk het en selfs hulle lewens verloor het as gevolg van hom. Hy was ook goed bekend met hoekom Saulus in Damaskus was, en daarom wou hy nie Saulus se eerste slagoffer word nie. Sy huiwering was verstaanbaar. Maar, wat Ananías nie geweet het nie, was dat Saulus so pas ‘n persoonlike ontmoeting met Jesus gehad het wat sy lewe vir ewig verander het. In plaas daarvan om nog vir die Sanhedrin te werk, was Saulus – tot Ananías se verbasing – so pas deur Jesus geroep om vir Hom te werk, wat beteken het dat Saulus nie langer ‘n apostel van die Sanhedrin was nie, maar ‘n geroepene om die evangelie na beide die Jode en nie-Jode te neem.

**Lees Galásiërs 1:1, 11, 12. Watter spesiale aanname maak Paulus met betrekking tot sy apostoliese bediening?**

---

---

In die brief aan die Galásiërs dring Paulus daarop aan dat hy sy boodskap en apostelskap direk van Jesus Christus ontvang het, en nie van ‘n menslike bron nie. Dit weersprek nie noodwendig Ananías se rol in Saulus se roeping nie. Toe hy vir Saulus besoek het, het Ananías net die opdrag wat Saulus alreeds op die Damaskuspad van Jesus self ontvang het, bevestig. Feit is dat die verandering in Saulus se lewe so dramaties was, dat geen menslike faktor daaraan toegewys kon word nie. Net Goddelike ingrype kan verduidelik hoe Jesus se mees verbete opponent Hom skielik as Verlosser en Heer aanvaar het, alles laat staan het – oortuigings, reputasie, beroep – en Sy mees toegewyde en produktiewe apostel geword het.

**Op watter maniere illustreer Saulus se bekering die werking van God se wonderbare genade? Wat kan jy uit sy verhaal leer oor diegene in jou lewe wat jou laat twyfel of hulle ooit die ware geloof sal aanvaar?**

---

## Die begin van Paulus se bediening

Handelinge 9:19–25 gee die indruk dat, na sy bekering, Paulus ‘n ruk lank in Damaskus gebly het voordat hy na Jerusalem teruggekeer het (Handelinge 9:26). In Galásiërs 1:17 noem Paulus egter dat, voordat hy na Jerusalem gegaan het, hy eers na Arabië vertrek het waar hy blykbaar ‘n tyd lank in afsondering geleef het. “Daar in die eensaamheid van die woestyn het Paulus volop tyd vir rustige studie en oordenking gehad.” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 102.

**Lees Handelinge 9:20–25. Hoe word Paulus se bediening in Damaskus deur Lukas beskryf? Hoe goed het hy gevaar?**

---

---

Paulus se oorspronklike teiken toe hy Jerusalem met die briewe van die hoëpriester verlaat het, was die Joodse gelowiges wat skynbaar in die sinagoges in Damaskus gaan skuiling soek het (Handelinge 9:2). Maar, eers nadat hy van Arabië af teruggekom het, het hy uiteindelik by die sinagoges uitgekom, nie om die gelowiges te arresteer nie, maar om hulle getalle te vermeerder; nie om Jesus as ‘n bedrieër te belaster nie, maar om Hom as die Messias van Israel aan mense voor te stel. Wat moes nie in die gedagtes van hulle wat eers gehoor het dat hy hulle vervolger was en nou vir Jesus getuig het, aangegaan het nie? Wat anders kon hulle doen as om hulle te verwonder oor hoe Saulus van Tarsus verander het, en wat hy besig was om vir die kerk te doen? (Hulle het heelwaarskynlik geen idee gehad van die invloed wat hierdie nuwe bekeering uiteindelik sou uitoefen nie!)

Omdat hulle nie in staat was om Paulus te weerlê nie, het sommige van sy opponente saamgesweer om hom om die lewe te bring. Paulus se verslag van dié episode (II Korinthiërs 11:32, 33), dui daarop dat sy opponente hom by die plaaslike gesaghebbendes aangekla het om hulle doel te bereik. Maar, met behulp van die gelowiges, het Paulus daarin geslaag om in ‘n mandjie te ontsnap, heelwaarskynlik deur ‘n venster van ‘n huis wat op die stad se wal gebou was. Paulus het van die begin af geweet dat hy uitdagings sou teëkom (Handelinge 9:16). Teenstand en vervolging, afkomstig uit verskeie oorde, en lyding wat hy sou moes verduur, sou deel van sy bediening word; maar niks sou sy geloof uitdoof of sy pligsgetrouheid verhinder nie, ten spyte van die ontberinge en beproewinge wat so te sê elke oomblik van sy nuwe lewe in Christus, oor sy pad sou kom (II Korinthiërs 4:8, 9).

**Afgesien van worstelinge en teenstand het Paulus nie opgegee nie. Hoe kan ons leer om dieselfde te doen wat ons geloof betref — d.w.s., hoe kan ons te midde van ontmoediging en teenstand volhard?**

## Sy terugkeer na Jerusalem

Nadat hy uit Damaskus ontsnap het, het Paulus vir die eerstekeer nadat hy Jerusalem as 'n vervolger verlaat het, daarheen teruggekeer. Dit het drie jaar na sy bekering plaasgevind (Galásiërs 1:18). Dit was nie maklik nie, want hy het probleme beide binne en buite die kerk gehad.

**Lees Handeling 9:26–30. Wat het met Paulus gebeur toe hy in Jerusalem aangekom het?**

---

---

---

Paulus het in Jerusalem by die apostels probeer aansluit. Alhoewel hy teen daardie tyd alreeds vir drie jaar 'n Christen was, het die nuus van sy bekering so ongelooflik geklink dat die apostels, net soos Ananías voor hulle, nogal skepties was. Hulle het gevrees dat dit deel van 'n noukeurige uitgewerkte komplot was. Dit was Bárnabas, a Leviet van Ciprus (Handeling 4:36, 37), en dus 'n Hellenis, wat die apostels se teenstand afgebreek het en Paulus aan hulle voorgestel het. Hulle was seker ook verwonderd oor wat God met Paulus gedoen het; d.w.s., toe hulle uiteindelik beseft het dat hy opreg was.

Sulke weerstand sou egter nooit heeltemal verdwyn nie. Indien dit nie as gevolg van Paulus se vervolging van die kerk was nie, dan ten minste oor die evangelie wat hy verkondig het. Net soos in die geval van Stéfanus, was beide die Judese gelowiges en die apostels nogal stadig om die omvang van die Christelike geloof te begryp; 'n geloof wat nie meer op die Ou Testamentiese seremoniële stelsel gebaseer was nie, veral die offerstelsel wat sy betekenis verloor het omdat Jesus op die kruis gesterf het. Paulus se naaste vriende in die kerk in Judéa sou altyd die Hellenistiese gelowiges wees: behalwe Bárnabas het dit Filippus, een van die sewe (Handeling 21:8), en Mnason, ook van Ciprus (Handeling 21:16), ingesluit. Etlke jare later het die kerkleiers in Jerusalem nog steeds vir Paulus beskuldig dat hy eintlik dieselfde leerstelling wat Stéfanus verkondig het, gepreek het (Handeling 21:21).

Gedurende die vyftien dae wat hy in Jerusalem gebly het (Galásiërs 1:18), het Paulus blykbaar besluit om die evangelie aan dieselfde ongelowige Jode wat hy teen Stéfanus aangehits het, te verkondig. Soos in die geval van Stéfanus het sy pogings egter sterk teenkanting ondervind in soverre dat hulle hom wou doodmaak. Jesus het toe vir hom in 'n visioen getoon dat hy, vir sy eie veiligheid, Jerusalem moes verlaat (Handeling 22:17–21). Met behulp van die broeders het hy na Cesaréa vertrek en toe na sy geboortedorp, Cilícië, waar hy 'n hele paar jaar gewoon het voordat hy sy sendingreise begin het.

## Vir verdere studie:

“’n Generaal wat in die slag sneuwel, is vir sy leër verlore, maar sy dood is geen versterking vir die vyand nie. Maar wanneer ’n vooraanstaande man hom by die teenparty aansluit, is nie net sy dienste verlore nie, maar diegene by wie hy hom aansluit word duidelik daardeur beoordeel. Die Here kon Saulus van Tarsus maklik onderweg na Damaskus doodgeslaan het, en die vervolgende mag sou veel van sy krag verloor het. Maar in Sy voorsienigheid het God nie net Saulus se lewe gespaar nie, maar Hy het hom tot inkeer gebring sodat daardie kampvegter van die vyand nou aan die kant van Christus geveg het.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 101. “Christus het [S]y dissipels opdrag gegee om al die nasies te gaan leer; maar, die vorige leringe wat hulle van die Jode ontvang het, het dit moeilik vir hulle gemaak om hulle Meester se woorde ten volle te verstaan, en daarom het hulle lank geneem om dit uit te voer. Hulle het hulself die kinders van Abraham genoem, en hulleself as die erfgename van die Goddelike belofte geag. Dit was eers baie jare later, na die Here se hemelvaart, dat hulle begrip genoegsaam verbreed het om die bedoeling van Christus se woorde duidelik te kon verstaan, naamlik dat hulle vir die redding van beide die heidene en die Jode moes werk.” — Ellen G. White, *Sketches From the Life of Paul*, bl. 38, (vrye vertaling).

## Vrae vir bespreking:

1. Dink nog meer na oor Jesus se vraag aan Paulus op die pad na Damaskus: “... waarom vervolg jy my?” (Handeling 9:4). Vir Paulus was hierdie vraag ‘n aanduiding dat Jesus van Násaret inderdaad uit die dode opgewek was. Maar, boonop was dit ook ‘n aanduiding van die geestelike eenwording wat tussen Jesus en Sy kerk bestaan het (sien ook Matthéüs 25:34–45). Die implikasie is vanselfsprekend: enige kwaad wat die kerk aangedoen word, raak Jesus self ook. Wat beteken dit in die praktyk vir ons vandag?
2. Deur vir Jesus te getuig, beteken ook om vir Jesus te ly. Dit is nie sonder rede dat die Griekse woord vir “getuig” (marty) met “martelaarskap” geassosieer was nie. Wat beteken dit om vir Jesus te ly?
3. Daar is ‘n ou Latynse gesegde, *Credo ut intelligam*, wat die volgende beteken, “Ek glo sodat ek kan verstaan.” Hoe help hierdie gedagte ons om te verstaan wat met Saulus van Tarsus gebeur het? Dit wil sê, voor sy bekering, voordat Paulus ‘n gelowige geword het, het hy nie verstaan nie. Eers na sy ondervinding was dit vir hom moontlik om te verstaan. Watter les kan ons hieruit leer vir die tye wanneer ons gefrustreerd is met hulle wat nie in die waarhede glo wat so duidelik vir ons is nie?